It must be recognised that the Southernmost tip of Africa is a National and not only a Provincial or regional heritage asset. The time therefore has come to escalate the

²⁷ Cape Agulhas Municipality. Draft report for consultation of the Heritage Strategy and Action Plan for the Cape Agulhas municipal area. <https://capeagulhas.gov.za/download/draft-heritage-strategy-and-action-plan/>

gentrification of sensitive coastal areas of the Southernmost Tip such as Spookdraai and Skulpiesbaai directly through the Provincial MEC of Environment to the National Minister who is empowered by the Coastal Management Act to take action. A request should be made to immediately stop all coastal developments close to the high-water mark at the Southernmost Tip, redefine the affected area and declare it as a national sensitive coastal zone prohibiting any new development in this zone.

The author trust that this article will contribute to more rational decision making by senior authorities regarding the gentrification of our threatened paradise. Any additional referenced information regarding Spookdraai will be welcomed.

ERFENIS *Agulhas* HERITAGE

JAARGANG 6 • UITGAWE 4 • NOVEMBER 2024

agulhas.heritage@gmail.com

AGULHAS ERFENISVERENIGING
HERITAGE ASSOCIATION

The National Heritage Resources Act aims to enable and encourage communities to nurture and conserve their legacy. The preamble to the Act states that heritage is unique and cannot be renewed. (NHRA 1995: 25)

Spookdraai

Ons is nog nie klaar oor Spookdraai geskryf nie. Ons nooi dus enige persoon wat 'n herinnering of storie oor Spookdraai het, om dit asseblief aan Agulhas Erfenis by agulhas.heritage@gmail.com te stuur. Dit sluit foto's ook in wat geskandeer sal word.

Spookdraai at Agulhas, as documented by SJ du Toit

Prof C Lohann has written about Spookdraai (a ghostly spot on the road). Apparently visitors to the Agulhas Guest House, just above Spookdraai, refused to stay in a certain room. They were frightened by a woman in old-fashioned dress who entered the room. No one really knows the origin of the appearances of this ghost. There are many opinions. The char of Lettie Myburgh, a L'Agulhas resident, told of a gruesome car accident. The head of one passenger was severed in the crash and it rolled over the road. Some people maintain that the road is haunted. Once, three skeletons were dug out of an open plot. Some people thought that they belonged to the Mount Pleasant soldiers. This could hardly be as none of the soldiers was buried there. (Baumann, Nicolas et.al: Overstrand Heritage Survey Report, June 2009, <http://www.overberg.co.za/content/view/271/28/>)

Uitspannings


Die stuk grond voor Spookdraai, Struisbaai se kant, was blykbaar ook 'n uitspanning. Daar was altyd 'n windpomp agter *Man Alone* se huis, daar waar nou 'n nuwe huis gebou is. Daar is 'n boorgat net agter die huis en die vermoede is dat die boorgat water gegee het vir die krip daar onder teen die see. Die oom aan wie die stuk grond behoort het, het met beeste daar geboer. Hy kon sterk Andries Lourens gewees het. Die blou dam agter Mount Pleasant het 'n deur in waar hy sy kalwers saans toe gemaak het vir die rooikatte. (Jaco Matthee)



Kon dit die Uitspanningsplek gewees het?



Spookdraai se visvywer



Die Zoetendals Vallei waterkrip en visvywer

Heel links is die plak met die inligting oor die waterkrip, aangebring in beide Afrikaans en Engels. Die krip is per geleentheid deur bouaannemers van 'n huis in die onmiddellike omgewing beskadig.

Die visvywer in die foto regs bo is met 'n stap opgelet. Dit is dus 'n bewys van hierdie vorm van visvang in Spookdraai. Het die Zoetendals Vallei veewagters dalk hierdie vywers gepak? Hierdie strukture is dus belangrike erfenisplekke waarvan kennis geneem moet word.

Hotagterklip: saving graves and acknowledging lifetimes – Yvonne (Mosie) Hope

In 2020 on May 14, I was asked to do a presentation on Hotagterklip as part of the Southern Tip Day programme at the *Suiderlig Dienssentrum* in Struisbaai.

There must be something in my psyche which responded to the Hotagterklip cottages even before I had the opportunity to live in one of them, briefly. In 2002 after five years in Cape Town – my goods were packed, contained and waiting for emigration to New Zealand – I visited Struisbaai and L'Agulhas again and made enquiries about staying in one of the Fisherman's cottages for a few months. To my surprise and joy, I was able to do so – what a privilege! That is how I came to know all the cottages, the stable and the cemetery.

In 2007 I noticed a bulldozer working close to the graves clearing vegetation. I called Johan Roodt of Langezandt and the municipality. Eventually I got the story – to prevent damage to the overhead electrical wires by possible fire the brush had to be cleared. Fortunately, the driver saw how close they were to the graves and stopped clearing.

I felt that there must be people who know the history of those buried there. I wrote an article for the *Suidernuus* requesting information about the cemetery. I received many calls including calls from the descendants of some of the families who had lived at Hotagterklip before 1960 namely Thompson, Jantjies and Hamer. A friend and I met with some of these folk and collected information. It seemed overwhelming at the time.

On speaking to Johan Roodt about the development at Langezandt he told me that he had offered to build a wall around the cemetery but that it was on heritage land and SAHRA needed to approve the place, design, etcetera. I let the families know all this and things subsided for a time.

With the approach in 2010 of the Southern Tip Day I felt there may be a niche for the recognition of the cemetery and the histories of the folk from foreign lands and with marine connections who lived in and built some of Hotagterklip Village. For those who do not know **hotagterklip** means 'left around the stone' in ox wagon language.

I contacted Angela of Cape Agulhas Tourism, at the time, and Agulhas National Park. I was asked to set up a display of the family trees and photographs I had collected. I have been given a temporary space at the Hotagterklip Coffee shop complex. With help from Giel de Kock and Agulhas National Park staff I have created a CULTURAL HISTORY MUSEUM in the middle room of the craft section. Esna Swart helped with an aerial map of the existing houses. The idea at the time of this project a book was also envisaged. A Struisbaai North resident commented: "we can give the book to our children".

And so, in order to acknowledge the lifetimes of the people who lived there from the mid-1800's up to 1960 we are asking for stories, pictures and information about who is buried in the cemetery. We could recreate a picture of what their eco-friendly life was like, making nets for fishing, shoemaking, small craft making and candle making from waxberries. We – as a community – can do something about this unusual gift and make people proud to be South African.



Andrew Jantjies, 2010



Peter Thompson 1878-1948



"There were about two hundred graves in all" – A. Jantjies

Hotagterklip Cemetery update 2024 – Yvonne (Mosie) Hope

We are looking for stories and pictures of the days when Hotagterklip Village was inhabited by a vibrant fishing community. Those times between 1860 and 1960 were hard but remembered with warmth. Please write your story down and search out old photos, talk to your older relatives, and write down what they say before it is too late; might be already too late. Dates would be very helpful.

The object of collecting Hotagterklip's history is to, first, establish an archive about the life and times of the people and the era, to develop an exhibition and eventually a book.

The cemetery, I was told in 2010, has as many as 200 graves. Very few of the graves have been cement demarcated and only two have headstones. Even if you know who is buried there it will help us to fill in the history. The cemetery is on the left side of the road as you travel from Struisbaai North to Struisbaai, in front of the row of cottages. It was also on the righthand side of the current main road.

The documents and photos will be scanned by Agulhas Heritage, and you keep the originals. We have aerial maps, three family trees and some photographs and other collected information. For more information, please contact Agulhas Heritage at agulhas.heritage@gmail.com or Mosie Hope at seashellhouse8@gmail.com.

"Die goedjies wat ons hier agterlaat as ons aanskui na die hiernamaals toe, is dalk armsalig. Maar op elke plaas (dorp - AEV) is 'n nalatenskap van voorgeslagte se werk, visie en wel en wee." – Ria Bester

“Less in landfill” 2024 prize: an Agulhas NP tour – Mosie Hope

Joh-Mari van Heerden, won as a prize for her **E-waste Lighthouse** which she entered in the “Less in Landfill” competition ‘a remote places in the park’ journey. We went on this journey on October 12, 2024, with Alliston Appel (Snr SET officer). We were shown Voëlvlei on the road to Bergplaas. The surrounding area was a flower farm and permitted groups can still harvest fynbos there. We continued along the gravel road towards Elim and turned off to Soetansberg. There we were able to travel to a viewpoint on top of the mountain and see Brandfontein and Aasfontein on the coast. We enjoyed a walk and a picnic. Many discussions took place about tourism and how to make difficult terrain accessible to the interested public. During the wet months many of the farmsteads within the Agulhas National Park cannot be reached. We then travelled to Waterford beyond Elim and realised how waterlogged terrain can be high up on ridges. Clay and sandstone layers prevent drainage. The fynbos in all areas was spectacular. We travelled back towards Elim and up Geelkop where we had a panoramic view towards Elim village and the surrounding farmland. I had never seen the Inkbloem (Ink plant, *Harveya pumila*) before.



A wonderful journey, understanding through conversation, and good company made for a most enjoyable day out. The round trip must be about 100kms. Thank you, Alliston, and I am thankful for the conservation ethic of having wild and pristine **places to be held intact** for future generations. The recovered areas which have been cleared of alien growth are spectacular as well. Give fynbos a chance and it shows how remarkable nature is at recovering its habitat.

’n Besoek aan die Overberg en die Strandveld in die besonder – Johan Lourens


’n Besoek aan die Overberg in die algemeen en die Strandveld in besonder, is ’n reis na die bekende, tog ook die onbekende. Nooit weet ek waar ek my gaan bevind of wie ek gaan ontmoet nie. Plekke en mense. Dit dring tot my deur daar is nie iets soos toeval nie; daar is net te veel toevale om dit toeval te maak. Soos die dag toe ek foto’s van my voorsate se grafstene in die Napier begraaftplaas geneem het. Ek wou net aan die gang kom toe ’n jong bruinman met so kannetjie op my afpyl en my vra om hulle by sy pa se graf af te neem. Ons stap na die gedeelte wat vir die bruinmense gereserveer is. Hulle poseer en ek kliek so twee keer en wonder hoe op aarde ek die foto’s by hom gaan kry. Hy het glo nie epos nie. Nou wonder ek verder of hy ’n posadres het. Nou weet ek ook nie of daar ’n poskantoor op Napier is nie. En as daar is, is dit nog funksioneel, want daar in die Onderland waar ek vandaan kom, sluit kantore een na die ander. Selfs die posbusse word verwyder en het ek twee jaar laas pos gekry. Met epos en ander *fancy* digitale goed wat my die skrik op die lyf jaag, pla dit nie so baie nie. Ek is net bekommerd oor die spoedkaartjies wat ek nie meer kry nie; die lisensie-afdeling het net my posadres.

Maar om terug te keer na die begraaftplaas. Ek vra toe hoe gaan ek die foto’s by hom kry. Hy antwoord, “Oom kan dit maar vir oom Kobus Visser bo in die dorp gee.” Nou, ek is vreemd in Napier se omgewing. Nie eers ’n inkommer nie. Eerder ’n verbyvliëger. Die enigste persoon wat ek in Napier ken en weet waar die persoon woon, is my vrou se neef. In 2019 so vlugtig ’n teedrink-draai daar op pad na Kaapstad gemaak. Soos die “toeval” dit wil hê, is my vrou se neef toe die einste oom Kobus Visser.

Ek vertel Kobus en sy vrou, Ronel, van hierdie ongewone ontmoeting in die begraaftplaas. Die jong man het Kobus, toe hulle huis aan de boue was, gereeld kom uithelp om die tuin gevestig te kry. ’n Dag of so later het ek die foto’s na Kobus se epos gestuur en nog baie later het die jong man by Kobus langs gegaan. Ek weet nie in watter formaat die foto’s aan die jongman gegee is nie, maar dit is nie die punt van die verhaal nie.

Was nou die dag weer by Kobus en Ronel en praat ons weer van hierdie “toeval”. Ronel noem dit toe *seredipity*. Maar toeval glo ek was dit beslis nie.

Ek dink ek wil net sê, die Overberg en sy Strandveld in vol verrassings en ontdekkings en lekker-gesels-mense. O ja, voor ek vergeet, Piet van As en ek gaan soek verlede week een van die voorsate se blyplek in die bos. Na vele verkeerd ry, bome wat oor tweespoorpaai lê, ompaai, ensovoorts, vind ons toe **“Geelerug aan de Vogel Valey”**. ’n Laning lei na die murasie. Foto’s geneem. Selfs van die *long-drop* huisie. Ek sal nie noem wat dit in Afrikaans is nie. Die vind van die werf op Geelrug maak my drie weke, 1,550 km uitstap van Krugersdorp, die moeite werd.



Verlate en vergete werwe

Johan Lourens het saam met Piet van As Geelrug (p3) besoek en foto's geneem van die strukture wat van koffieklipe gebou is. Dit herinner dat daar nog werwe is met strukture wat met die rooi klip gebou is, verlate en vergete geboue. Sulke werwe laat mens altyd wonder oor die lewens daar geleef, wat is hul storie. Ons besoek 'n paar van hierdie werwe.



Bleskloof

Bleskloof is vandag Waterford. Soet en Suurfontein aan die noordekant van Soetany'sberg was 'n bekende uitspanning en veeop op die ou roete tussen Uilenkraal via Soetendalsvlei na die see, en is gereeld gebruik om oorlewendes en voorrade van skepswrakke te kom haal.



Rooiwal



Soutpanne



SoetenSuurfontein (Kandeelfontein)

'n Swart en Lourens nasaat ontmoet mekaar na 280 jaar (sal jaar moet verander dalk)

Johan Lourens, nasaat van Matthys Lourens, en Hans Swart, nasaat van Hans Jacob Swart, ontmoet mekaar vir die eerste keer tydens die Oktober 2024 Erfenis basaar in L'Agulhas.


Matthys Rostock Lourens vestig hom op Zoetendals Vallei en verkry weidingsregte in 1755 op die leenplaas "Buffeljagsrivier aan de Ratelrivier" waar hy toestemming het om met vee te boer.

Johannes Jochemus Swart kry in 1795 weireg op "Buffeljagsrivier gelegen aan de Ratelrivier". In 1831 kry Hans Jacob Swart officieel die eerste eiendomsreg op Ratelrivier, 2 343 morg (1875 hektaar) groot. Albei families het dus 'n direkte verband met die historiese plaas, Ratelrivier.



Twee Lourens Families

Johan Lourens se omvattende boek oor die Rostock en Wedderstedt Lourense is nog steeds beskikbaar teen R300 per kopie. Dit kan direk by Johan by johanlourens2309@gmail.com bestel word. Die volledige titel is "Twee Lourens families: aan die Kaap, na die Overberg en verder". Dit is deur Johan self in 'n A4 hardeband formaat uitgegee, 427 bladsye. Hierdie boek is nie net die mees volledige geslagsregister van die Lourense in Suid-Afrika nie, maar is ook die verhaal van twee Lourens families uit Duitsland wat hulle aan die begin van die agtiende eeu aan die Kaap gevestig het en in die negentiende eeu oor die lengte en breedte van Suid-Afrika versprei het. Johan is tans besig om Matthys Rostock Lourens in diepte na te vors en het die Strandveld nou in Oktober besoek om Matthys se spore na te loop.



Hernuwing van lidmaatskap

Hiermee 'n versoek aan lede wat nog hul 24/25 lidmaatskap moet hernu. Ledegeld is R120 per jaar en die sekretariaat kan vir afslag vir bejaardes gekontak word, asook vir die koste vir korporatiewe lidmaatskap. Die Vereniging het intussen van bank verander. Die nuwe bankbesonderhede vir inbetalings is die volgende: Bank: **Standard bank**, Rekeningnaam: **Agulhas Erfenis**, Rekeningnommer **10231155946**, Tak: **Tyger Manor: 050410**. Gebruik u naam as verwysing.

Agulhas Erfenis Besprekingsforum

Die volgende besprekingspunt is *The history of Earth's geological evolution* aangebied deur Prof Jeremy Mann. Dit vind op 12 November 2024 om 16:00 by die Agulhas Heemhuis in Jim van Drutensingel, L'Agulhas plaas. Verversings is na die tyd beskikbaar.



Agulhas Erfenis aanbiedinge

November 2024

Agulhas Besprekingsforum: 12 November, Agulhas Heemhuis, Jim van Drutensingel, L'Agulhas, 16:00

Erfenis Basaar: 23 November, L'Agulhas Kerkzaal, Cooperstraat, 09:00 – 13:00

Strandveld voëls uitstalling, 25 – 27 November, Agulhas Heemhuis, 10:00 – 13:00

Birding Big Open day: 30 November, Southbosch Agulhas NP, Elim road, 09:00 – 15:00

Seashell House and Museum: 8 Golf St, L'Agulhas, entry free, daily 15:30 – 18:00, Tuesdays 15:30 – 17:00



The National Heritage Resources Act aims to enable and encourage communities to nurture and conserve their legacy. The preamble to the Act states that heritage is unique and cannot be renewed. (NHRA 1995: 25)

Baie geseënde en gesonde 2025 vir almal. A happy and healthy 2025 to all.

Nuwejaarsboodskap vanaf Danie Schutte, Voorsitter

" Ons Kaap Agulhas-gebied is nie net ryk aan erfenisgoed en -geskiedenis nie. Net so belangrik is die besondere gemeenskap wat aan die Suidpunt verbind en, wat die stories oor ons gebied vertel.

Die uiteenlopende en interessante bydraes wat maand na maand in hierdie Nuusbrief verskyn, is bewys daarvan dat ons so 'n meelewende en produktiewe gemeenskap het.

Baie dankie aan almal vir hul interessante en opbouende bydraes.

Mag dit as aansporing dien vir nog vele meer insigte oor ons wonderlike gebied en geskiedenis."

Vakansie by Nuwerus - Johnny Siljeur

Ons was gewoonlik so tien huisgesinne van Bredasdorp wat vanaf Nuwejaar tot die agtste Januarie, of tot wanneer die kos op is, by Nuwerus gekamp het. Dit is die gedeelte waar die Treiler gestrand het.

Varswater het ons gekry uit 'n stroompie wat vanaf die land na die see toe gevloei het, as dit laagwater is, of 'n entjie verder weswaarts, was 'n varswaterput. Daar was so sewe grasdak-pondokkies waar Elimmers gebly het om harders te vang.

Dit was so tussen 1950 en 1960 en daardie tyd was daar nie 'n grondpad soos nou nie, dit was pure seesand en bossies. Met twee of meer gesinne se pakkerasie op, moes jy vasklou as die lorrie al swaaiende deur die los sand heen en weer swaai tot by die uitkamplek. Die lorries het houtreëlings gehad.

Wanneer die skole sluit in Desember, word al die koekblikke geverf, elke keer 'n ander kleur. Die kombuisstoele word ook geverf. Dit was die gewone ronde koekblikke en die vierkantige grys blikke met die ronde deksel bo-op wat vol koekies gebak is: gemmer- en soetkoekies. Bottels gemmerbier met rosyntjies is gemaak, en EXA koeldrank is aangemaak en in bottels gegooi. Ons het baie vars groente soos pampoen, kool, wortels, groenboontjies, beet, saamgeneem, wat ons op Diepkloof by Oom Charlie Summers gekoop het.

Ons het 'n groot en 'n klein tent gehad. Die slaapgoed is bedags in die klein tent gebêre, asook die vleis"safe" en die ander kos. My broer, Moses, moes altyd in die kostent slaap om die donkies weg te hou van die groente. Hulle het egter bo-oor hom hul koppe by die opening ingestee en aan die groente gevreet. Dit was die Elimmers wat kom harders trek, se donkies. Die groot tent was ons slaap- en kuierplek. Ons het uie en die uilowwe rondom die tente gestrooi om goggas uit te hou.

Ons het potbrood gemaak, beesvleis gebrui of gekook. Die hout was bietou- of tolbos wat ons in die veld gemaak het. Ons dag het begin met brekfis wat bestaan het uit mieliepap of maltabellapap, koffie, brood en konfyt. Ons het baie geswem, gekyk hoe harders getrek word, die grootmense hengel of ons het gaan suurvrytjies soek. Saans het ons allerhande speletjies soos vroteier, janribbokskiet (groep in middel en twee aan weerskante gooi hulle uit met 'n tennisbal), toutrek, "Agter wie wil jy staan, son of maan", atletiekspeletjies, wegkruipertjie, ensovoorts. Ons was maklik tot 40 kinders bymekaar.

Elke Nuwejaarsdag het die "Queen Elizabeth" verby gekom, en het ons deur 'n verkyker na haar gekyk. Dit was lekker vir ons kinders om vanaf Nuwerus na L'Agulhas te loop om inkopies te doen. Lekker ou kinderdae.





Die Erfenis-vereniging het sy eie erfenisplekregister al sedert 2019 saamgestel. Die Visvywers en skulphope (Laat Steentydperk), die Suidpunt (1488), die Kaap Agulhas Vuurtoring (1849) en *Southermost* (1929) is vanselfsprekend in hierdie register opgeneem. L'Agulhas dorp is op sigself gelys aangesien dit onder andere die enigste dorp in Suid-Afrika is wat rondom 'n Vuurtoring en nie 'n kerk nie, ontstaan het. Dit is ook op die mees suidelikste historiese plaas Papenkuilsfontein ontwikkel. Hierdie geskiedenis is beskikbaar vir diegene wat graag meer daaroor wil lees. Aansluitend hierby is die Agulhas Berg met sy deur die wetbeskermdede kalksteen fynbos, as baie belangrike waterdraer en Wêreldoorlog Twee (WO2) erfenisplekke aan die oostelike hang en voet (radarstasie, Mount Pleasant, waterpunte), asook historiese bakens naamlik die MacClear (tussen 1834 en 1870) en die Bailie (1962). Wesselstraat in L'Agulhas was 'n landingstrook tydens die WO2, duidelik te sien op die L'Agulhas 1938 lugfoto, en die Mount Pleasant perdestalle in Shannonstraat. Dit is maar enkele voorbeelde. Daar is nog die Historiese Suidpunt (1836), die Van Breda watertrog en die Hangnes uitspanning, pre 1900, 'n straataansig in Van Bredastraat van een van die eerste oorblywende huise wat daar in die vroeë 1930s gebou is, voorbeelde van rondawelhuise wat al in die 1930s gebou is, huise soos Shell House (), L'Agulhas se eerste water reservoir (1927) en vele meer. Hierdie is maar nog net L'Agulhas. Die foto-register is beskikbaar vir diegene wat belangstel.



Charles Darwin se troetelskilpad, James, gevind - Dr NM Walters

Ek het besluit om hierdie relatiewe onbekende verhaal oor Charles Darwin en die skilpaaie van die Galapagos eilande te vertel na aanleiding van die vele navrae en "facebook" artikels oor bewaring van skilpaaie by die Suidpunt. Galapagos is 'n groep vulkaniese eilande langs die kus van Ecuador. Dit is 'n verhaal wat ons begrip van die natuurlike wêreld vir altyd verander het. Galapagos beteken reuse skilpaaie.

Charles Darwin, natuurkenner, vaar vyf jaar saam met Kaptein Robert FitzRoy op die HMS *Beagle* om geologiese studies te onderneem en natuurlike versamelings saam te stel. In 1835 het hulle Galapagos besoek waar Charles Darwin plaaslike plante en diere opgeteken het. Hy was gefassineerd deur die spesies wat verwant gelyk het aan dié wat op die vasteland gevind is, maar wat ook baie fisiese variasies gehad het wat uniek aan verskillende eilande was. Darwin het mettertyd begin wonder of spesies, soos die skilpaaie, uit Suid-Amerika die Galapagos bereik het en toe verander het soos hulle by nuwe omgewings aangepas het. Hierdie idee – dat spesies oor tyd kan verander – het uiteindelik gelei tot Darwin se teorie van evolusie deur natuurlike seleksie.



Sommige skilpaaie, het doppe wat soos 'n saal voor opstaan. Hierdie aanpassing maak dit makliker vir hulle om hul koppe hoog op te tel om boomkaktusse te eet en om geskille oor beperkte voedselbronne op te los, wat hulle doen deur hul koppe so hoog as moontlik te lig tydens sosiale interaksies soos op die Pinta Eiland. Skilpaaie met koepelvormige doppe leef op eilande waar daar 'n oorvloed plantegroei naby die grond is, wat dit minder nodig maak vir die diere om hul koppe op te lig om te voed soos by die Suidpunt. Dus as jy weer 'n skilpad sien, sê dankie vir die skilpad dat hy een van die grootste wetenskaplikes, Charles Darwin, die evolusieteorie help formuleer het.

Daar was twee klein Galapagos-skilpaaie aan boord die HMS *Beagle*, soos deur Darwin self opgeteken is. Een was "Covington se klein skilpad" wat deur sy assistent, Syms Covington, vanaf Floreana gebring is en die ander, "Myne vanaf James", wat blyk Darwin se skilpad was wat hy tydens sy verblyf op Santiago (of James-eiland, soos dit destyds bekend gestaan het) versamel het.

Maar wat het van James geword? Een van die langstaande teorieë was dat dit na Harriet herdoop is en in Australië beland het. Daar is dit in 2006 in die Australiese Dieretuin in Queensland dood. Dit is intussen vals bewys. In 2009 was Colin McCarthy, voormalige versamelingsbestuurder vir reptiele, amfibië en vis by die Londense Natuur-Geskiedenis Museum, besig om weer na skilpaaie wat teruggebring is en wat in die ou registers verskyn het, maar vandag nie meer in hul katalogus verskyn nie, te soek. Hy krap in die kelder tussen monsters wat nie etikette het nie rond en ontdek so wrintiewaar die letters "James" en registrasienommer 37.8.13.1 geëts op die plastron (onderkant) van een van die skilpaaie. Met hierdie inligting ontdek hy in die argiewe die volgende inskrywing: "13 August 1837, two tortoises presented by Charles Darwin Esq, one corresponding to Darwin's pet from Santiago (James) and the other to Covington's pet from Floreana (Charles)".

(Bron: <https://www.theguardian.com/science/animal-magic/2014/feb/12/celebrity-pet-discovery-darwin-tortoise>)

Die artikel oor Darwin en die Galapagos skilpad gaan as 'n volledige artikel in die April Joernaal opgeneem word.

Albert Lintvelt, skrywer, se wonderwêreld

As inspirasie om julle te oorreed en oortuig om ook jul herinneringstukke neer te skryf, haal ons aan uit 'n kortverhaal van Albert Lintvelt met die toepaslike titel "Wortels". Die konnotasie is natuurlik die Strandveld en die Suidpunt. Hoewel nie almal hier aan die Suidpunt miskien gebore is nie, hou so baie van ons lede al sedert kleintyd vakansie hier.

"Hy was van die Boesmanland af, sy uit die Strandveld – dis nou my "vleispa" en "visma". "Oktobers weer was dit Ma se beurt vir háár streek en familieplaas, die Strandveld en Bruinklip. Nie verniet nie het suster Mathilda laat weet die bluebells staan glo plaat-plaat persblou daar teen die sandhoogtes uit. 'Agtoggie, my Ouman, my kiewe trek skoon tuit vir Oususter se mosselrikkadelle ... en wie weet, dalk 'n vet laat-galjoen op die koop toe,' loop en mor en por sy tot hy ingee."

"So anders as die Boesmanland hier waar melkhout en fluitjiesriet, piesang en koejawel, fynbos en varing welig floreer. Al asof die Skepper nog vir oulaas 'n oase aan die Suidpunt van Afrika wou maak voor jy oplaas by Kaap Agulhas uitkom, daar waar die sedoos tot die Port Jacksons soos patatranke teen die aarde vasdruk."

"Om sawends, poegaai, soos 'n alikreukel op te krul in die sewejaartjebulsak."


"En rêrige oesters kan eet."

(BRON: *Uit die kontreie vandaan*, saamgestel deur Abraham H. De Vries. Kaapstad: Human & Rousseau, 2000)



Water

Die afgelope vakansie het weereens die kwessie dat die Suidpunt eintlik 'n waterarm gebied is, uitgelig. Mens moet jou nie blind staar teen die damme water wat die afgelope twee jaar op die vlakte tydens en na die afgelope reënseisoen versamel het en vir lank sigbaar was nie; selfs tydens die wintermaande die Suidpunt gereeld afgesny het. Ons waterbronne is die boorgate wat in die waterdraer gesink is en 'n baie interessante natuurlike verskynsel is.



In 2017 verskyn Marlese Nel se waterverslag as *Groundwater: the myths, the truths and the basics*. Daarin is baie interessante inligting oor grondwater en waterdraers opgeneem. Die boek is op die internet beskikbaar en kan afgelaai word. Daar is ook 'n kopie in die Agulhas Heemhuis beskikbaar vir diegene wat dit daar graag sal wil kom lees.

Destyds is die inligting in 'n reeks artikels in die Agulhas Nasionale Park se eBulletin geplaas; soos byvoorbeeld die onderstaande artikel.


Our Water. Our culture. Our heritage – Marlese Nel

For millennia the relationship between man and water has been much more than a link to survival. As with many other cultures around the world, water is far more than a mere source of life for the people of South Africa. Our rivers, waterfalls and our springs are our places of sanctuary, of healing and even of celebration. These precious water sources feed our bellies and our souls, and is the driving force behind a large part of our economy. Water plays a central role in many religions and beliefs around the world as in South Africa. Seen as a source of life it widely represents (re)birth and therefore water features widely in baptisms. African traditionalists believe in the presence of numerous powers of the oceans, and also recognised the existence of non-human water spirits or semi-demon (such as mermaids). Furthermore, the killing or injuring of “messengers” of water such as crabs, frogs or water birds is a great offence and could result in drought or the water source drying up. Many people still rely on signs from nature to tell them when rain is coming or not. From the behaviour of locusts to the blue-headed lizard, snakes, birds (specifically the nightjar) to the position of the moon, these signs are the heritage of rain forecasting. The San, Khoe, Zulu and Tswana people all had (and to a lesser extent still do) rituals to “call” or summon the rain. Other water features, such as waterfalls, rivers and springs are often considered as mythical, spiritual or even magical places by some cultural groups. Some of these beliefs have however been lost in our modern lives. If it were not for our dependency on water, the South African landscape would definitely not have looked like it is today. The social development and settlement patterns throughout our country's history were guided by the presence of water; whether a river or a spring. With climate change in mind maybe we should consider this strong, spiritual connection to water once again. Because, regardless of culture, race or age, without clean water none of us will survive. (SOURCE: Agulhas Park eBulletin, vol 8, nr 10, September 2018)



Groundwater is not an infinite resource – Marlese Nel

Water from aquifers can be over-abstracted. To be able to abstract water “forever” an aquifer must remain in balance, in other words, only as much water as is being recharged, can be abstracted. Otherwise the water levels will fall. Each aquifer has only a specific quantity of water it can deliver, which is being determined scientifically before a well field is pumped. The volume that is being pumped and the duration that this tempo can be kept up are then fixed to prevent the well field being over-abstracted. It seems that deeper well fields might last longer, but this needs to be verified.



Agulhas Erfenis Besprekingsforum

Die eerste besprekingspunt vir 2025 is **Tesisskrywe by SA universiteite: erfenis, landskap, uitdagings, impakte, oppe en affe** aangebied deur Prof Braam Rust. Dit vind op 6 Februarie 2025 om 16:00 by die Agulhas Heemhuis in Jim van Drutensingel, L'Agulhas plaas. Verversings is na die tyd beskikbaar.

Agulhas Erfenis aanbiedinge Januarie 2025

Water en waterdraer uitstalling: 26 – 30 Januarie, Agulhas Heemhuis, 10:00 – 13:00

Seashell House and Museum: 8 Golf St, L'Agulhas, entry free, daily 15:30 – 18:00, Tuesdays 15:30 – 17:00



The National Heritage Resources Act aims to enable and encourage communities to nurture and conserve their legacy. The preamble to the Act states that heritage is unique and cannot be renewed. (NHRA 1995: 25)

Die "Spookdraai-ontwikkeling"

Die voorgename "Spookdraai" ontwikkeling waaroor ons al sedert Oktober 2024 tot Januarie 2025 spesifieke kort artikels in die Nuusbrief geplaas het om lede van die geskiedenis van Spookdraai bewus te maak, het nou 'n werklikheid geword. Die kennisgewing vir Openbare Deelname om kommentaar te lewer op die basiese Omgewingsimpakstudie of om as Geaffekteerde en Geïntereseerde Party/Individu te registreer is in die Suidernuus van 31 Januarie 2025 gepubliseer. Kyk op die ontwikkelaar se webblad (www.lornay.co.za) vir al die verslae wat hulle alreeds in plek het.

"A copy of the Pre-Application Basic Assessment Report is available for public review and download on our website, or upon request. Interested and Affected Parties (I&APs) are invited to register and/or provide comments on the application during the public participation period from 31 January 2025 to 03 March 2025."

Registreer asseblief, neem standpunt in en lewer kommentaar.

Spookdraai: a portal into paradise – Dr Nico Walters



Spookdraai is a portal into paradise. It is the entrance into a unique sea-side village enclave in the Overberg, Cape Agulhas, as well as to the southernmost tip of Africa. A town's entrance is part of its identity, its landscape and helps to create the town's identity.

Visitors' first impression when they enter Spookdraai is the fishermen on the left catching fish on such iconic rocks as the *brood* (bread) as well as cyclists and people enjoying a beautiful walk with unspoiled coastal scenery. This immediately define a peaceful rural holiday village.


When they notice the unbridled gentrification of the natural limestone mountain and its UNESCO recognised biodiversity to the right they certainly must start to wonder: are we on our way to yet another bustling expensive up-market resort? Any development left of Spookdraai will totally and utterly destroy the ambiance of the town and make a mockery of its rich history, heritage and culture.

(Above is the introduction of an article by Dr Walters which will be published in the April Agulhas Heritage Journal)

"Spookdraai" in 1847



In 1847 het Kol CC Michel hierdie skets van die kaap en die Vuurtoring gegraveer nadat hy die plek waar die Toring gebou sou word, geïdentifiseer het. Daar is in daardie jaar met die bouery begin, einde 1848 voltooi en is die Kaap Agulhas Vuurtoring op 1 Maart 1849 ingewy. Op hierdie skets kan die kalkrant van die Agulhas Berg van vandag en die hoek wat ons vandag Spookdraai noem, duidelik gesien word. Kol Michel het selfs vissermanne langs die kus ingeteken. Nou wie wil nog stry dat Spookdraai sy eie sin en gees van plek het? En dat ons moet toelaat dat dit deur ongebrydelde ontwikkeling vernietig en versteur word? Al is daar alreeds 'n klomp huise aan die noordekant gebou.



Heritage Strategy and Action Plan for Cape Agulhas municipal area: draft report for consultation

The Cedar Tower Services (Pty) Ltd, trading as CTS Heritage, was appointed by the Cape Agulhas Municipality (CAM) to compile a Heritage strategy. The CAM Council gave permission during January 2025 that the Draft report could be circulated for public participation and commentary. The public has time until 24 February to comment. Here follows the Executive summary:

“The overall objective of a Heritage Strategy for the Cape Agulhas Municipality is to guide the identification, assessment, conservation, management and enhancement of the heritage resources, structures and landscapes of the Cape Agulhas Municipality (CAM) for all the people and ensure that the values associated with such resources are appropriately represented.

This heritage strategy provides guidance on the legislative framework in terms of the NHRA as to what constitutes a heritage resource, and roles and responsibilities of the local authority in the identification, protection and management of local heritage resources.

This report also provides a framework for identification of a range of heritage resources within the study area and across the various scales through the identification of heritage themes that are present throughout CAM.

Additionally, this report provides a framework for the formal protection, management, and enhancement of local heritage resources through the implementation of the proposed Action Plan.

Priorities for CAM in terms of heritage management are identified including:

- The completion of heritage inventories for historic towns
- The development of a GIS-based inventory for management and engagement purposes
- The up-skilling of municipal staff with regard to heritage management
- Suggestions for information-sharing

In following the action plan outlined in this report, CAM will be able to demonstrate a coherent approach to managing heritage resources at a local level in order to pursue the aims outlined in the National Heritage Resources Act (Act 25 of 1999).”

Please follow this link

<https://capeagulhas.gov.za/documents/policies-strategies-and-plans/plans-and-strategies/draft/draft-strategies/> to access the document and send comments to Sunel Nel at suneln@capeagulhas.gov.za.

Groundwater abstraction in the Cape Agulhas area – Marlese Nel

The primary water sources of the Cape Agulhas Municipality (CAM) are groundwater from various boreholes in the area, as well as the Uitvlucht spring and the Sanddrift Dam in Bredasdorp. The municipality recognises the increasing pressure on water supplies which is exacerbated by global warming and climate change; add to that the influx of people. Currently (2017), all towns falling under CAM have adequate water sources. Three main groundwater abstraction areas (wellfields) are operational in the Cape Agulhas area: the Agulhas wellfield, the Struisbaai wellfield and the Suiderstrand wellfield, which is situated in the Agulhas National Park. The boreholes were sunk in the 1970s when Suiderstrand village was developed. The two production boreholes have been monitored since 2002. These boreholes tap the quartzitic sandstone aquifer of the Table Mountain Group aquifer. Even though production volumes have increased steadily over the years, the water levels have remained fairly stable between 25 and 35 mbgl (meters below ground level) in the different boreholes. At a glance, it seems that the augmentation of water supply from groundwater resources in the area is stable and reliable. Monitoring should however continue and the protection of these resources from contamination that could render the water unsuitable for domestic use, as well as over-abstraction, be ensured.

Monitoring of water levels and pumping volumes started in 1996 at the Agulhas wellfield, which consists of two production boreholes. Even though the abstraction has increased steadily over the past 20 years, that is c2017, the water levels have remained fairly stable fluctuating between 17 and 21 mbgl (meters below ground level).

The Struisbaai wellfield, which consists of six production boreholes, has been monitored from the start in 1993. These boreholes have been drilled into the quartzitic sandstone of the Table Mountain Group aquifer, and water levels have also remained stable and varied between 20 and 40 mbgl in the different boreholes. Other wellfields in the larger Cape Agulhas Municipality area include the Napier wellfield (five boreholes), Bredasdorp wellfield (six boreholes), L’Agulhas wellfield (two boreholes) and the Arniston/Waenhuiskrans production borehole. At a glance, it seems that the augmentation of water supply from groundwater resources in the area is stable and reliable, and it should be ensured that monitoring continues as well as the protection of these resources from contamination that could render the water unsuitable for domestic use. (SOURCE: Agulhas eBulletin, June & July 2018)



L'Agulhas en water

In 1840 het Landmeter-generaal Charles C Michell die terrein waarop die Kaap Agulhas Vuurtoring gebou moes word, uitgewys, en genoem van naby geleë kalksteen as bouklip en 'n varswaterfontein.

'n Put is na 1848 deur die Vuurtoringwagters ter voorsiening van vars water gebou. Dit is met kalkklip uitgebou en was ongeveer 2,5m diep. Tussen 1926 en 1933 is 'n handpomp geïnstalleer asook 'n waterkrip bygevoeg; blykbaar deur Mnr Auret snr.



Daardie tyd het die omgewing rondom die put ook gedien as uitspanplek en kampterrein vir die boere en die eerste huisbewoners kon hulle drinkwater vir mens en dier hier kom skep.

Met die restourasie in 1994 kon die presiese diepte nie vasgestel word nie, aangesien daar baie klippe en sand onder in was en die water verdere skoonmaak verhinder het. Die put is deur Mnre Bertie Swart, Manie Conradie en Mev Sura Van Aswegen (Pieterse) herstel.

In 1927 is die eerste water reservoir bokant vandag se Quarrystraat gebou en 'n put is langs vandag se opsigershuis van die karavaanpark gegrawe. Vanaf 1929 tot 1932 is ses huise gebou. Die eerste watervoorsiening was die reeds gemelde fontein en die eerste inwoners moes vanaf 1929 hul drinkwater by die put kom skep. Vanaf 1929 tot 1933 is 'n windpomp gebruik om water teen die heuwel uit na 'n reservoir, wat vandag nog sigbaar is, te pomp. Die windpomp het gestaan waar die Kampeerkantoor vandag is. Namate die huise vermeerder het, is verdere boorgate gesink en deur enjinaangedrewe pompe na groter reservoirs hoër op teen die berg gepomp. (Word vervolg)



The first windmills – Marlese Nel


The arrival of the windmill brought huge changes to the water business. The first mills were rickety and crude. All parts were made of wood and nothing short of a gushing Cape southeaster wind was required to get them going. The first recordings of windmills in the country were around Graaff-Reinet and the 1869 census a 'windmill for irrigation at Adendorp', near Graaff-Reinet was recorded and the following year 'two windmills for irrigation' on the nearby farm of Buffelshoek were reported. In 1874 the first imported wooden windmill was set up on the farm of PJ du Toit of Hopetown. In 1880 the first imported drilling machine arrived in South Africa. The windmill only became practical once an American company started making them with steel heads in 1888. The first windmills were imported into South Africa in 1893 and their marketing slogan made quite an impact: "Wherever you go, you see them: wherever you see them, they go." Between 1910 and 1984 the Department of Water and Sanitation sank a total of 125 000 boreholes in South Africa. This adds up to a total distance of 7,6 million metres! (SOURCE: Agulhas eBulletin, June & July 2018)



Charles Darwin kry sy inspirasie vir sy evolusieleer in Kaapstad – Dr Nico Walters

Darwin het die Kaap tussen 31 Mei en 18 Julie 1836 besoek. Na 'n vyfjaarlange vaart om die aarde was die HMS *Beagle* op pad terug na Engeland. In die vorige uitgawe het ek vertel van die *Beagle* se besoek aan die Galapagos Eilande langs Ecuador. Die HMS *Beagle* het by Mauritius aangedoen en vandaar suid van Madagaskar gevaar, langs die kuslyn van Natal en in 'n hewige storm by Kaap Agulhas beland. Die HMS *Beagle*, 'n 10-geweer brik-sloep van die Royal Navy, het op 31 Mei, onder bevel van Kaptein Robert FitzRoy, in Simonsbaai anker gegooi en weer op 18 Junie 1836 na Suid-Amerika en Engeland vertrek. Hoewel hy uitgeput en heimwee gehad het ná die lang vaart, het Darwin die 19 dae wat hy in die Kaap deurgebring het goed benut.


Darwin het die omgewing van Simonstad te voet verken en het 'n perdekar gehuur om via Vishoek en Muizenberg na Kaapstad op die sanderige pad te reis. Hier het hy drie bekende wetenskaplikes oor die volgende twee weke ontmoet. Hy het die eerste keer die koninklike sterrekundige, Sir Thomas Maclear, ontmoet wat die kaptein van die HMS *Beagle*, Robert FitzRoy, gehelp het om sy chronometers vir navigasie te kalibreer. Die impak van Thomas Maclear en die Maclear baken by L'Agulhas is volledig beskryf in die Agulhas Erfenis Joernaal volume 4. (Vervolg op p4)



Charles Darwin kry sy inspirasie vir sy evolusieëer in Kaapstad – Dr Nico Walters vervolg

Darwin het Dr. Andrew Smith, die destydse voorste dierkundige in die Kaapkolonie en die eerste kurator van die nuutgestigte Suid-Afrikaanse Museum, ontmoet. Smith het vir Darwin die eksemplare van lewende en uitgestorwe diere in die museum se versameling gewys en hom op geologiese uitstappies aan die voorheuwels van Tafelberg en langs die see geneem.

Hulle het veral 'n belangrike geologiese terrein besoek, nou bekend as die Seepunt-kontak, wat met 'n gedenkplaat herdenk word om Darwin se besoek te vier. Sommige lesers sal weet dat hierdie gedenkplaat op 'n uitkykpunt op die Seepunt promenade is. Hierdie belangrike geologiese terrein wys hoe gesmelte graniet sowat 540 miljoen jaar gelede in die ouer en donker gemetamorfoseerde sliksien van die Malmesbury-groep (560 miljoen jaar) binnegedring het. Dit het aanvanklik op groot dieptes binnegedring maar deur langdurige erosie uiteindelik die graniet blootgelê. Dit het die basis gevorm waarop jonger sedimentêre gesteentes van die Tafelberggroep neergelê is. Hierdie Seepunt-kontak was belangrik om die geologie van die aarde te verstaan en is die eerste keer in 1818 deur Clarke Abel beskryf.



Gedenkplaat op die promenade

Smith het ook gereël dat Darwin 'n vierdaagse trek te perd na die Paarl, Franschhoek, Houwhoek en oor die Kaapse Vlakte terug na Kaapstad doen waartydens hy waarnemings oor plante en diere gemaak het. Darwin was verstom om te vind dat soogdiere in die Kaap geneig is om groter te wees as dié wat hy in Suid-Amerika teëgekom het, al is die flora in die Kaap baie minder weelderig.

Die belangrikste wetenskaplike wat Darwin in die Kaap ontmoet het, was die sterrekundige en natuurfilosoof Dr. (later Sir) John Herschel. Hulle het saam by Herschel se huis, *Feldhausen*, in Claremont geëet en het bespreek wat Herschel die "raaisel van raaisels" genoem het, dit wil sê die volgorde van die fossielrekord en die oorsprong van plant- en dierediversiteit. Herschel het nie die antwoord gehad nie en Darwin se idees was nog in die vormingsfase. Herschel het egter Darwin wel goeie raad oor die wetenskaplike metode en oor die belangrikheid daarvan om versigtig, maar met vrymoedigheid, 'n "groot idee" na te streef, gegee.

Darwin het gereeld met Andrew Smith en John Herschel gekommunikeer nadat hy na Engeland teruggekeer het en hulle besoek toe hulle terug is in die Verenigde Koninkryk. Darwin het Herschel se raad gevolg en eers die resultate van sy ontdekkings tydens die reis van die HMS *Beagle* opgeskryf en daarna vir die res van sy lewe sy tyd gewy om sy revolusionêre teorie van evolusie deur natuurlike seleksie te ontwikkel en te toets.

Darwin het sy ontmoeting met Herschel, en hul bespreking oor die "raaisel van raaisels" op die eerste bladsy van sy geskiedkundige boek: *On the Origin of Species* genoem. Alhoewel ons nie kan beweer dat Darwin sy teorie, wat as een van die grootste ontdekkings in die geskiedenis van die wetenskap beskou word, in Suid-Afrika ontwikkel het nie, weet ons wel dat sy ontmoeting met Herschel in Claremont hom op sy lewensbaan geplaas en sy monumentale ontdekking moontlik gemaak het. Charles Darwin is in 1881 oorlede en is in Westminster Abdy langs John Herschel en naby Sir Isaac Newton begrawe. Onlangs is Stephen Hawking tussen hom en Newton te ruste gelê.



Graniet stroke (geel) in sliksien (donker)

(Bron: <https://www.falsebayecho.co.za/news/when-charles-darwin-visited-the-cape-of-good-hope-406d2487-ed9d-4ac1-bdaf-5556e803aaf7>)

'n Voorwerp vertel ook 'n storie

Onlangs het Piet van As ons die storie van hul familiedooprok gestuur en dit het ook in die Suidernuus van 24 Januarie 2025 verskyn. Tydens die 2023 Jaarvergadering het Eloïse Krige vir ons haar kroepklampie-storie vertel en dat haar man presies dieselfde klampie as sy gehad het. Daar is daarvoor in die Mei 2023 Nuusbrief geskryf. Nico Walters se pa se houtwerkgereedskap word in die Heemhuis uitgestal. Ons wil dus ons lede vra vir nog stories oor voorwerpe wat vir hulle kosbare herinneringe het en wat hulle as 'n belangrike deel van hul erfenis beskou.

Agulhas Erfenis Besprekingsforum

Die eerste besprekingspunt vir 2025 is **Tesisskrywe by SA universiteite: erfenis, landskap, uitdagings, impakte, oppe en affe**, aangebied deur Prof Braam Rust. Dit vind op 20 Februarie om 16:00 by die Agulhas Heemhuis in Jim van Drutensingel, L'Agulhas plaas. Verversings is na die tyd beskikbaar.



Agulhas Erfenis aanbiedinge

Februarie 2024

Erfenis Basaar: 1 Februarie, L'Agulhas Kerksaal, Cooperstraat, 09:00 – 13:00

Waterdraers & Vleiland uitstalling: 3 – 7 Februarie, Agulhas Heemhuis, 10:00 – 13:00

Agulhas Besprekingsforum: 20 Februarie, Agulhas Heemhuis, Jim van Drutensingel, L'Agulhas, 16:00

Wetlands Open day: 22 Februarie, Soutbosch Agulhas NP, Elim road, 09:00 – 15:00

Seashell House and Museum: 8 Golf St, L'Agulhas, entry free, daily 15:30 – 18:00, Tuesdays 15:30 – 17:00

